

30 November

Die groot oorlog

Skrifgedeelte: Openbaring 12

Fokusgedeelte: Openbaring 12:13

Besef jy dat jy elke dag in 'n geweldige stryd gewikkel is – 'n stryd om lewe en dood? Dit is fataal as ons nie besef dat ons elke dag in 'n worstelstryd met Satan gewikkel is nie!

Die Bybel openbaar aan ons dat die duiwel met die hemelvaart van Christus uit die hemel gegooi is. Maar nou kom hy na ons met groot woede. Die Bybel sê hy vervolg die gemeente van God. Satan is nie verniet op ons spoor nie! Hy lê hom met groot toewyding daarop toe om jou vir ewig te vernietig. Johannes gebruik twee uitdrukkings vir die duiwel: Hy is 'n groot, vuurrooi draak, met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe is daar heerserskrone. Die draak is geweldig magtig en slim, maar ook die ene wreedaardigheid. 'n Ander benaming wat Johannes aan Satan gee, is: die slang, listig, geslepe dodelik.

Sien jy hom in die deurmekaarheid van die wêreld hier reg rondom ons? Sien ons hom agter ons eie dwaasheid en sondigheid? Soms is hy ru en hardhandig in sy aanslag as hy ons met beproewinge en probleme onder die stof wil loop. Soms kom hy so listig en mooi na ons met sy versoekinge soos 'n stroom water in die woestyn.

Jakobus gee raad: God weerstaan die hoogmoediges, maar die nederiges gee Hy genade. Onderwerp julle aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug. Nader tot God en Hy sal tot julle nader (Jak 4:6-8).

Dank God vir elke aanslag van Satan wat jy afslaan. Doen dit vandag! Want dit is net God wat aan jou die vlerke van 'n arend kan gee om buite sy bereik te skuil. Dit is net God wat beskik dat jy nie voor die aanloklikheid van versoekinge swig nie.

Ds. APC Duvenage (Emeritus)